**Dinsdag 22 Augustus**
**Skrifgedeelte: Markus 6:30-34**
**Fokusgedeelte: Markus 6:34 (AFR83)**
**Rus ten tye van koninkrykswerk is nodig, maar by Jesus is daar vir jou ewige rus**

Die terugkeer van die apostels verwys na die sendingopdrag waarmee Jesus hulle gestuur het om koninkrykswerk te gaan doen (Mark. 6:7). Ongetwyfeld was hulle moeg en uitgeput na hierdie reis, want Jesus het in sy opdrag vir hulle gesê om niks ten opsigte van versorging saam met hulle te neem nie. Nou keer hulle terug en rapporteer as't ware terug aan Hom.

Hulle koninkrykswerk het duidelik vrug gedra, want mense van oraloor het na hulle en Jesus gestroom en hulle só besig gehou dat daar nie eers geleentheid was vir eet en rus nie. Ja, selfs apostels word moeg. Die idee dat mens rus nodig het na 'n tydperk van harde werk, is nie so vreemde konsep nie. Selfs al is dit goeie werk vir 'n goeie doel. Rus is nodig.

Die rus waarheen Jesus sy apostels hier wou lei, was wel met die oog daarop om hulle 'n blaaskans te gee van hulle daaglikse roetine, maar die menigte mense wat hulle ingewag het op die afgesonderde plek waar húlle wou rus, wys op 'n groter nood. Jesus het daardie mense gesien en hulle innig jammer gekry. Hulle nood was nie blote wêreldse heenkome of rus nie, nee, hulle nood was hulle herderloosheid. Jesus se fokus verskuif daarom van die wêreldse rus wat Hy sy apostels wou gee, na 'n ewige rus wat Hy vir alle mense kan gee.

Hy leer hulle uitvoerig, want dit is deur kennis van die Here waar mens waarlik rus kan vind. Rus van jou daaglikse geswoeg en gesweet, maar in besonder in jou wete dat daar by Hom vir jou 'n ewige rus wag. Neem daarom tye vir rus in hierdie lewe, maar onthou dat daar in Jesus Christus vir jou ewige rus is.

*Sing: Psalm 95-1:1, 4*

*Ds. HC Andersen (Riaan) (Rooihuiskraal)*